

Hoofstuk IV

DIE PRAKTIESE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN ENKELE WESTERSE LANDE

1. Die Verenigde State van Amerika

a) Onderwysersopleiding

Die Amerikaanse stelsels van onderwysersopleiding kan op geen beter wyse beskryf word as in die woorde van Strickler nie, waar hy verklaar dat „approximately twelve hundred institutions preparing teachers operate in probably as many different patterns”.¹⁾ Daar is egter sekere aspekte van die opleiding wat feitlik alle instansies met mekaar gemeen het.

Wat die opleiding van onderwysers vir middelbare onderwys betref, word die behaal van 'n graad wat volg op vier jaar studie na die hoërskoolopleiding, as minimum vereis, terwyl sekere state 'n vyfjarige opleiding of 'n jaar nagraadse opleiding vereis. Die professionele opleiding word in party gevalle gedurende die akademiese opleiding geïntegreer en in ander gevalle na afloop van die akademiese opleiding verskaf. Volgens 'n opname wat Conant in 1963 by 27 inrigtings in 13 state van die V.S.A. gemaak het, is daar 'n baie groot verskil

1) Strickler, R.S. The student of teaching: A concept and a concern. Journal of teacher education, 17, 4: p. 427, 1966.

in die vereistes en inhoud van die verskillende professionele kursusse en in die tyd wat aan die verskillende fasette van die kursusse bestee word.¹⁾

Die tyd wat by hierdie inrigtings aan die vernaamste afdelings van die kursusse bestee word, verskil byvoorbeeld soos volg: aan Opvoedkundige Sielkunde word van drie tot nege semesterure²⁾ bestee, aan wat Conant „Social Foundations” noem (en wat onder andere ook Historiese Opvoedkunde en Filosofie van die Opvoeding insluit), van nul tot nege semesterure aan algemene en spesiale (vak-) metodiek van drie tot elf semesterure, terwyl aan oefenonderwys van vier tot elf semesterure bestee word. Die meeste inrigtings spesifiseer by oefenonderwys dat dit bv. voltyds vir 'n halwe semester, 'n sekere aantal ure vir 'n semester, ens. moet wees.

In terme van skoolure, gereken teen 5 uur per skool= dag, vereis die betrokke inrigtings van 110 tot 250 ure³⁾, met 'n gemiddelde van 200 ure vir oefenonderwys.

1) Conant, J.B. The education of American teachers, p. 265-70.

2) 'n Semesteruur is gelyk aan 1 uur per week vir 16 weke. Kyk bv. Olivier, S.P. Die opleiding van onderwysers in die V.S.A. (In S.A. V.B.O.: Aspekte van die opleiding van onderwysers, p. 92.) Wat oefenonderwys betref, staan een semesteruur egter blykbaar gelyk aan 30 skoolure (clock hours). Conant verklaar: „...the central tendency is to equate a semester hour of credit with approximately 30 clock hours of observation and practice teaching”. Kyk Conant, J.B., a.w., p. 270.

3) Conant noem dit „clock hours”. Kyk Conant, J.B. a.w., p. 270.

Wat laerskoolonderwysers betref, strek hulle opleiding by die meeste inrigtings oor vier jaar. Onderwysers wat in die verlede 'n opleiding van minder as vier jaar ondergaan het, ~~was~~^{is} in staat gestel om deur in-diens-opleiding hulle kwalifikasies te verbeter.¹⁾ Uit 'n opname wat Conant gedurende 1963 in 22 state van die V.S.A. gemaak het, het hy vasgestel dat die opleidingsprogram van 35 inrigtings daar soos volg uitgesien het: Aan algemeen-vormende vakke soos Aardrykskunde, vreemde tale, ens. word van 39-90 semesterure bestee, aan die verskillende dissiplines van die Opvoedkunde van 11-29 semesterure, aan skoolvakke en skoolvakmetodieke van 12-36 semesterure en aan oefenonderwys van 5-14 semesterure.²⁾

Die soort inrigtings wat onderwysers oplei, is hoofsaaklik onderwyserskolleges verbonde aan Universiteite (Liberal Arts Colleges), algemene kolleges (State Colleges) wat in baie gevalle veeldoelige inrigtings is en ook studente in ander rigtings soos kuns, musiek, die handel ens. oplei, asook suiwer onderwyserskolleges en private kolleges. In baie gevalle word laer- en hoërskoolonderwysers aan dieselfde inrigtings opgelei.

Een van die opvallendste kenmerke van die Amerikaanse onderwysersopleiding is die dinamiese groei wat in die afgelope jare plaasgevind het,

1) Conant, J.B., a.w., p. 153.

2) Ibid.

nie net ten opsigte van die aantal en verskeidenheid opleidingsinrigtings nie, maar ook wat betref die vereistes wat ten opsigte van die opleiding en in=diensneming van onderwysers gestel word. Daar kan heelwat redes as moontlike oorsake vir hierdie groei en ontwikkeling aangegee word. So is dit die taak van die onderwys om die miljoene immigran=te wat uit alle dele van die wêreld na Amerika stroom so gou moontlik by die Amerikaanse samelewing te laat inpas. Verder kan die opkoms van Amerika as 'n wêreldmag wat ook op onderwysgebied leiding wou gee as rede aangevoer word. Verdere redes is o.a. die opvoedkundige idees en filosofie van op=voedkundiges van wêreldformaat wat rigting aan die onderwys en die onderwysprofessie probeer gee het; die empiriese en pragmatiese benadering wat in die V.S.A. posgevat het en nie geneë was om die bestaan=de te aanvaar nie, maar wat die onderwys as 'n pro=ses van groei wou sien; die feit dat plaaslike be=langstelling in die onderwys voorbladnuus is en deur middel van die talle massa-kommunikasiemiddele soos televisie ens. onder die aandag van die publiek gehou word asook die eis dat onderwysers gedurig hulle kwalifikasies ^{MOEL} ~~sal~~ verbeter met gevolglike goed-georganiseerde in-diens-opleidingstelsels. ¹⁾

b) Die praktiese opleiding van onderwysers

Soos daar by die breë opleidingsprogram geen eenvormige patroon van inhoud, vereistes, ens. by

1) Kyk Olivier, S.P., a.w., p. 89-90 en ook Conant J.B., a.w., p. 166.

die opleiding van onderwysers in die V.S.A. is nie, net so vertoon die program en vereistes van die praktiese opleiding groot verskeidenheid.

Wat die vereiste hoeveelheid oefenonderwys betref, wissel dit van 2 tot 20 of meer semesterure. In sommige gevalle word studente by skole geplaas vir een periode per dag vir 'n gedeelte van 'n kwartaal maar in ander gevalle weer vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as 'n semester.¹⁾ By sommige inrigtings is oefenonderwys maar een van die fasette van 'n sorgvuldig beplande stelsel van praktiese opleiding, terwyl by ander inrigtings met slegs oefenonderwys volstaan word. Party inrigtings maak nog gebruik van skole wat aan die inrigting verbonde is. Dit staan bekend as kampus-skole, maar in die meeste gevalle word studente vir hulle oefenonderwys na gewone skole in die omgewing van die opleidingsinrigting gestuur. Soms is hierdie skole ver weg van die kollege, in sekere gevalle selfs so ver as 700 myl.²⁾

Wat toesig en kontrole oor studente betref, word by die meeste kolleges 'n personeellid voltyds aan 'n besondere groep studente toegewys, terwyl in ander gevalle, veral waar die skole baie ver van die kollege geleë is, die skole self volle beheer en toesig oor die studente uitoefen.

1) Andrews, L.O. Student teaching, p. 6.

2) Ibid., p. 39.

Sommige skole ken slegs beperkte tyd aan studente toe waartydens hul voltydse klas kan gee, of hul vereis dat die klas- of vakonderwyser te alle tye saam met die student in die klas teenwoordig moet wees. Ander skole beweeg weer na die ander uiterste en sal bv. die student vir die hele oefen- onderwystydperk in volle beheer van 'n klas plaas.

Wat toesighoudende onderwysers betref, vereis 'n paar state sekere bekwaamhede of kwalifikasies van sodanige onderwysers, terwyl andere weer geen kriteria ten opsigte van bekwaamheid om studente te rig en te lei, neerlê nie. Die gevolg is dat daar 'n baie groot verskil in die gehalte van oefenonderwys ondervinding in die verskillende skole aangetref word.¹⁾

As erkenning vir die dienste van die toesighoudende onderwysers betaal baie inrigtings, na die mate wat hulle geldelike posisie dit regverdig, 'n toelae aan sodanige onderwysers of bied hulle sekere dienste by die kollege gratis aan, soos bv. gratis deelydse opleiding, biblioteek-fasiliteite, gebruik van klinieke, ens.²⁾

'n Gebruik wat in omvang toeneem, is die stelsel van internskap en in direkte verband daarmee, ook die stelsel van spanonderrig.

1) Kyk hfst. I, bl. 4, na aanhaling uit L.O. Andrews se werk, Student teaching.

2) Andrews, L.O., a.w. p. 7.

'n Intern is 'n onderwysstudent wat sy formele onderwysersopleiding aan die opleidingsinrigting voltooi het, vir 'n maksimum van een jaar by 'n skool in diens geneem word, 'n salaris ontvang, en wat volgens 'n beplande opleidingsprogram en onder toesig van 'n onderwyser werk.¹⁾ Die internskap is eintlik bedoel vir gegradueerdes van onder andere die „liberal arts“-kolleges wat geen of min professionele opleiding gehad het.²⁾ Die wesenlike verskil tussen 'n intern en 'n oefenonderwysstudent (student teacher) is dus dat die intern 'n betaalde werknemer is terwyl die oefenonderwysstudent nog 'n voltydse, onafgestudeerde student van die opleidingsinrigting is. In die praktyk beteken dit ook dat terwyl die student slegs gedeeltelik onderwys gee en na afloop van die oefenonderwystydperk weer terug gaan na sy opleidingsinrigting, die intern die volle verantwoordelikheid vir 'n klas of vak(ke) oorneem. Om die rede word interns dikwels verkeerdelik as ten volle opgelei beskou, wat ook meebring dat die toesig oor interns onvoldoende is.³⁾

In 'n opname wat Harap in 1961 gemaak het,⁴⁾ het hy by 37 universiteite 48 stelsels van intern=

1) Andrews, L.O., a.w. p. 11.

2) Boyan, N.J. The intern team as a vehicle for teacher education. Journal of teacher education, 16, 1: p. 17, Ma. 1965.

3) Ibid., p. 18.

4) Shaplin, J.T. & Powell, A.G. A comparison of internship programs. Journal of teacher education, 16, 2: p. 175, Jun. 1964.

skap as deel van die studente se opleiding gevind. Daar is hoofsaaklik twee soorte internskapstelsels. Eerstens die stelsel waar die internskap op 'n vyf=jarige akademiese en professionele opleiding volg en tweedens die internskap wat as 'n vyfde jaar van opleiding dien en meesal gebruik word om aan die student 'n meestersgraad te besorg (M.A.T.-master of arts in teaching).¹⁾

Om by te dra tot die beter opleiding van interns asook oefenonderwysstudente, het daar in die jongste tyd verskillende patrone van spanonderrig (team teaching) ontwikkel. So kan 'n toesighoudende onderwyser (spanleier) dan met een of twee interns 'n span vorm en saam die verantwoordelikheid vir die onderrig van 'n klas oorneem.²⁾

Die eerste vorme van spanonderrig was bedoel as 'n gespesialiseerde vorm van onderrig waar elke lid van die span gelyke status maar verskillende verantwoordelikhede gehad het. So sou een lid van die span bv. konsentreer op die aanbieding van 'n les, 'n volgende sou helpmiddels ter ondersteuning van die mondelinge onderrig aanwend of nie-professionele dienste verrig. Die praktyk van spanonderrig berus op die beginsel dat verantwoordelikhede vir onderrig onder lede van 'n span verdeel word, waar elke lid van die span aandag aan sy besondere bekwaamheid of belangstelling kan gee.

1) Shaplin, J.T. & Powell, A.G. A comparison of internship programs. Journal of teacher education, 16, 2: p. 179.

2) Boyan, N.J., a.w., p. 18-20.

Op die wyse kan die leerling die voordeel van alle lede van die span se besondere vaardigheid of deskundigheid geniet. Om hierdie spanoerrig moontlik te maak, word meer as een klas vir sekere tye in 'n groot vertrek by mekaar gebring. As gevolg van die tyd wat sodoende gespaar word, word dit moontlik om weer by 'n volgende geleentheid die klasse in kleiner groepe te verdeel vir meer individuele aandag.¹⁾

Uit die voorgaande oorsigtelike samevatting van die Amerikaanse stelsels vir die praktiese opleiding van onderwysers, is dit duidelik dat te midde van die groot verskeidenheid stelsels en gebruike, geweldig veel op hierdie terrein gedoen word. Te oordeel aan die groot hoeveelheid literatuur oor allerlei aspekte van die praktiese opleiding van onderwysers en die navorsing wat op talle terreine van die praktiese opleiding uitgevoer word en waarvan die resultate in 'n gereelde stroom boeke en tydskrifartikels verskyn, heg die Amerikaners groot waarde aan die opleiding van die onderwyser in en vir die praktyk. Dit blyk verder uit die feit dat hulle 'n vereniging, die Association for Student Teaching, het wat uitsluitlik met die praktiese opleiding van onderwysers gemoeid is. Daar word ook gereeld 'n jaarboek uitgegee, afgesien van die prominensie wat artikels oor praktiese aspekte in ander opvoedkundige tydskrifte geniet.

1) Boyan, N.J., a.w., p. 18.

2. Groot Brittanje

Wat hier volg is besonderhede ten opsigte van onderwysersopleiding in Engeland en Wallis.¹⁾ Wat die res van die Verenigde Koninkryk betref, is daar ten opsigte van die besonderhede van die breë opleiding, wel verskille in bv. Skotland en Noord-Ierland. Ten opsigte van die praktiese opleiding, waarom dit hier eintlik gaan, is die stelsels egter basies dieselfde as in Engeland en Wallis²⁾ en gevolglik sal slegs met laasgenoemde twee gehandel word.

a) Onderwysersopleiding

Sover dit die opleiding van onderwysers betref, word die universiteite en onderwysersopleidingsinrigtings in Engeland en Wallis saamgegroepeer in „area training organisations.“ In die meeste gevalle word „area training organisations“ soos volg gevorm: Aan 'n besondere universiteit bestaan

-
- 1) Gegewens verkry uit: (a) Association of teachers in Colleges and departments of education: Handbook on training for teaching, 1959; en Second Supplement, 1962.
(b) Baron, G. The training of teachers in England and Wales. (In The yearbook of education, 1963, p. 137-55.)
(c) Higher education report, 1963, soos aangehaal.
- 2) Great Britain. Ministry of education. Higher education report, 1963. (Robbins-verslag.) Appendix 2 (B), pp. 222-6, 310-1.

daar 'n „Institute of Education" wat as ^{'n} integrale deel van die universiteit die „area training organisation" vir 'n spesifieke omgewing vorm. So 'n „Institute of Education" snoer dan die universiteit se eie Opvoedkundedepartement en alle ander inrigtings in die besondere afgebakende omgewing wat onderwysersopleiding onderneem, saam. Die „Institute of Education" tree onder andere as 'n „area training organisation" op ten opsigte van die koördinasie van kursusse wat deur die verskillende inrigtings en Opvoedkundedepartemente van universiteite aangebied word, die beplanning en uitvoering van opvoedkundige navorsing en die reëling en aanbieding van verskillende soorte voltydse en deeltydse kursusse. ¹⁾

Die groottes van die institute verskil aansienlik. Die instituut van die universiteit van Londen bestaan bv. uit twee universiteitsdepartemente en 39 kolleges, terwyl die instituut van die universiteit van Hull uit een universiteitsdepartement en twee opleidingskolleges bestaan.

'n Besondere kenmerk van die institute is dat elke dosent, afgesien daarvan of hy aan die universiteit se departement Opvoedkunde of aan 'n opleidingskollege verbonde is, as 'n lid van sy besondere vak-komitee kan bydra tot die besluite van die akademiese raad of „study board" van die instituut.

1) Association of teachers in colleges and departments of education, a.w., p. viii - ix.

Engeland en Wallis het in 1963 in totaal 146 opleidingskolleges gehad, waarvan 87% 'n studentetal van onder 500 studente gehad het.¹⁾ Met ander woorde, besonder klein inrigtings gemeet aan ons Transvaalse standarde. Die baie klein inrigtings van minder as 250 studente, waarvan daar in 1963 nog 32 was, word egter skaarser en sal blykbaar mettertyd verdwyn.²⁾

Die soort kursusse wat aangebied word, is eerstens 'n vierjarige gekombineerde graad plus professionele opleiding, tweedens 'n eenjarige diploma vir gegradueerdes, verder 'n verskeidenheid driejarige diplomakursusse vir laerskoolonderwysers en vir hoërskoolonderwyser in sekere hoërskoolvakke soos Liggaamlike Opvoeding en Huishoudkunde. Tegensele opleidingskolleges en kunsopleidingsentra bied eenjarige diplomakursusse aan persone in besit van die vereiste tegnologiese of ander gespesialiseerde opleiding.

Die kursusse vir laer- en hoërskoolonderwysers bestaan almal basies uit vier afdelings, te wete akademiese hoofvakke, skoolvakke en skoolvakmetodieke, (curriculum courses), kursusse in Opvoedkunde en oefenonderwys. 'n Tipiese tydsverdeling tussen die verskillende afdelings van die kursusse is soos

1) Great Britain. Ministry of education., a.w., App. 2 (A), p. 68.

2) Baron, G., a.w., p. 146.

volg (getalle in persentasies):¹⁾

	<u>Laerskool=</u> <u>kursus</u>	<u>Hoërskool=</u> <u>kursus</u>
Hoofvakke	38	52
Kurrikulumkursusse	31	17
Opvoedkundekursusse	17	17
Oefenonderwys	14	14

b) Die praktiese opleiding van onderwysers

Wat die praktiese opleiding betref, is die organisatoriese aspekte in hoofsaak soos volg. Ten opsigte van die driejarige nie-graadopleiding word 'n maksimum van vyftien weke vir die hele kursus aan oefenonderwys afgestaan, wat soos hierbo aangetoon, op 14% van die totale opleidingstyd te staan kom. 'n Tipiese voorbeeld van die verdeling van die oefenonderwys tussen die verskillende jare is vier weke in die eerste jaar, vyf in die tweede jaar en ses in die derde jaar. Wat gegraduateerde studente betref, bestaan hulle oefenonderwys uit 'n hele kwartaal of verskillende tydperke wat saam tien tot dertien weke beloop. Verder bring student~~t~~ te ook waarnemingsbesoeke aan verskillende soorte skole. In sekere gevalle word 'n dag of 'n halfdag per week vir 'n volle kwartaal in een skool deurgebring. Hierdie gereelde waarnemingsbesoeke beoog hoofsaaklik die bestudering van die vordering en ontwikkeling van 'n groep leerlinge.

1) Great Britain. Ministry of education, a.w.,
App. 2 (B), p. 224.

As gevolg van die toename in die grootte van die kolleges, kan studente in baie gevalle nie vanaf die opleidingsinrigting die skole besoek nie. Hulle woon in baie gevalle tydens die oefenonderwystydperke weg van die kollege.

Studente word tydens die tydperke van oefenonderwys deur dosente by die skole besoek en hulle lesse ge-evalueer.¹⁾

Wat die verloop van 'n oefenonderwystydperk betref, moet juniorstudente in die begin van hulle oefenonderwys slegs waarneming doen van ervare onderwysers. Hierdie tydperk van waarneming word gevolg deur 'n tydperk van afwisselende waarneming en lesgee. Die lesse wat studente gee, moet in 'n deel van die leergang van 'n betrokke vak wees.

Aan die einde van sy opleiding en veral gedurende die laaste oefenonderwysperiode, word van die student verwag om vir 'n tydperk volle verantwoordelikheid vir sekere aspekte van die klaswerk te aanvaar.

Aangesien die sogenaamde demonstrasieskool wat as 'n onderdeel van baie kolleges bestaan het, besig is om van die toneel te verdwyn, word die studente nou almal vir oefenonderwys na omliggende skole gestuur. 'n Voordeel van die verspreiding van studente by die omliggende skole, in teenstel-

1) Great Britain. Ministry of education, a.w., App. 2 (B), p. 223.

ling met die praktyk van demonstrasieskole, is dat dit die dosente ook in voeling met die skole en hulle probleme hou.

'n Kenmerk van die opleidingskolleges ten opsigte van die plek van die vakdosente in die opleiding van die studente, is dat hierdie dosente verantwoordelik is vir sowel teoretiese aanbieding van die vak as die praktiese toepassing in die skole, dit wil sê vir inhoud en metodiek. Die vakdosent volg dus sy doseerwerk op met leiding aan die student en kombineer op die wyse met dosente in die Praktiese en Sielkundige Opvoedkunde.

Finale evaluering van die student se oefenonderwys vind plaas aan die einde van sy kursus saam met sy skriftelike eksamens en word gedoen deur die kollege se eie sowel as eksterne eksaminatore. As 'n student in 'n onderdeel van sy kursus, bv. in oefenonderwys druip, mag hy in daardie onderdeel 'n hereksamen aflê.¹⁾ As gevolg van die deeglike keuringstelsel is die druipsyfer van afstuderende studente in die verskillende kolleges egter betreklik laag, nl. ongeveer 3-4% en dan hoofsaaklik in die skriftelike eksamens. Studente wat hulle self in die oefenonderwys om verskillende redes as ongeskik vir die onderwys openbaar, word gewoonlik vroegtydig aangeraai om hulle kursus te staak of hulle staak dit uit eie beweging.

1)

Great Britain. Ministry of education, a.w., App. 2 (B), p. 224.

3. Nederland

(a) Onderwys en onderwysersopleiding

By 'n behandeling van die onderwysersopleiding in Nederland, moet die verskil wat daar bestaan tussen die verskillende vorme van laeronderwys en middelbare onderwys, duidelik gestel word. Vervolgens is ook die verskil tussen die opleiding van die „onderwyzers” vir die laeronderwys en die „leraren” vir die middelbare onderwys van belang.

Tot onlangs is onder laeronderwys die „scholen voor gewoon lager onderwijs” (G.L.O.), „voortgezet gewoon lager onderwijs” (V.G.L.O.) en „uitgebreid lager onderwijs” (U.L.O.) verstaan.¹⁾ Onder middelbare onderwys (vir hulle: voorbereidende hoër- en middelbare onderwys - V.H.M.O.) is die gimnasia, hoër burgerskole (H.B.S.), middelbare meisieskole (M.M.S.), lycea (wat 'n samestelling van die gimnasium, H.B.S. en soms ook die M.M.S. is) en handelskole gereken.²⁾ Hierdie indeling van skole is egter nou in 'n proses van verandering. Onder die nuwe „Wet op het voortgezet onderwijs”³⁾ of die

1) Nederland. Ministerie van onderwijs, kunsten en wetenschappen. Uw toekomst voor hun toekomst, p. 9.

2) Ibid., p. 33.

3) Die wet van 14 Februarie 1963.

	TRAPPE	OU NAME EN KURSUS- DUUR	NUWE NAME EN KURSUSDUUR
Algemene Voortgezet- te onderwys (A.V.O.)	Laer.		Lager algemeen voortgezet onderwys (L.A.V.O.) 1-2 jr.
	Middelbaar.		Middelbaar algemeen voortgezet onderwys (M.A.V.O.) 3-4 jr.
	Hoër.	h.b.s. A ¹⁾ 5 jr. h.b.s. B ¹⁾ 5 jr. m.m.s. 5 jr. handelsdagschool 4 jr.	Hoger algemeen voortgezet onderwys (H.A.V.O.) 5 jr.
Voorbereidende wetenskaplike onderwys. (V.W.O.)		gymnasium 6 jr. h.b.s. A ²⁾ 5 jr. h.b.s. B ²⁾ 5 jr. lyceum (gymnasium + h.b.s. A/B) 5-6 jr.	gymnasium 6 jr. atheneum A 6 jr. atheneum B 6 jr. lyceum (gymnasium tatheneum) 6 jr.
<p>1) As voorbereiding vir die maatskappy. 2) As opleiding vir wetenskaplike onderwys.</p>			

sogenaamde mammoetwet¹⁾ wat in Augustus 1968 in werking sou tree, sal wat voor hierdie datum as voortgesette gewone laeronderwys (V.G.L.O.), uitgebreide laeronderwys (U.L.O.) en middelbare onderwys (d.w.s. H.B.S., ens.) bekend gestaan het, in die toekoms algemene voortgesette onderwys (A.V.O.) genoem word. Drie kategorieë sal onderskei word, te wete laer (L.A.V.O.), middelbaar (M.A.V.O.) en hoër (H.A.V.O.)²⁾. Sekondêre onderwys, wat volg op ses jaar basisonderwys, sal dan voortaan bestaan uit algemene voortgesette onderwys (A.V.O.) en voorbereidende wetenskaplike onderwys (V.W.O.). Die struktuur sal daar soos volg uitsien:³⁾

-
- 1) Idenburg, Ph. J. Schets van het Nederlandse schoolwezen, p. 7. (Hy verklaar die naam „mammoetwet” soos volg: „Deze was kritisch bedoeld: men verwachtte een gigantisch produkt van wetgeving en was daarmee bepaald niet algemeen ingenomen“.)
 - 2) Ruperti, R.M. Die mammoetwet en differensiasie in die Nederlandse sekondêre onderwys. Onderwysblad, LXXIV, 812: p. 115, Jun. 67.
 - 3) Idenburg, Ph.J., a.w., p. 347.

Die nuwe wet op voortgesette onderwys gaan dus ingrypende veranderinge op verskillende gebiede van die onderwys bring. Vir ons doel is dit veral belangrik om die onderskeid tussen wat as laer- en middelbare onderwys beskou word, raak te sien. Daar is tans 'n groot verskil in die opleiding van onderwysers vir laer- en middelbare onderwys en ook in die praktiese opleiding vir hierdie twee soorte onderwysers. Die besonderhede van hoe die veranderings wat die wet op voortgesette onderwys die opleiding van onderwysers gaan beïnvloed, is nog nie beskikbaar nie. Dit is gevolglik ook nie moontlik om in hierdie stadium die praktiese opleiding van onderwysers in al sy fasette volgens die nuwe wetgewing te beskryf nie.

Die „ministerie van onderwijs, kunste en wetenskappe" het wel in 1964 die sogenaamde Kommissie Drewes aangestel om verslag uit te bring oor onder andere die probleme rakende die toepassing van die Mammoetwet se bepalinge aangaande die pedagogiese en didaktiese opleiding van onderwysers. 'n Verslag van hierdie kommissie, die „Interimrapport van die Kommissie opleiding leraren" het in 1966 verskyn.¹⁾ Hierin word onder andere die volgende aanbeveel: Dat alle onderwysers, ongeag die soort skool onder die Mammoetwet waarin hulle later onderwys sal gee, hulle pedagogies-didaktiese opleiding in dieselfde instituut moet ontvang; dat 'n onderwyser aan 'n

1) Ruperti, R.M., a.w., LXXIV, 813: p. 187, Jul. 1967.

middelbare skool nie net vir dié gee van sy eie vak opgelei moet word nie, "... hij dient evenzeer te worden opgeleid voor zijn plaats in het geheel van de school en het lerarencorps".¹⁾

Die finale verslag van die Drewes-kommissie is in hierdie stadium nog nie beskikbaar nie, maar te oordeel aan die bogenoemde verwysings na die interim-rapport is dit waarskynlik dat daar groot veranderings op die gebied van die opleiding van alle onderwysers op hande is.

Wat volg is dus grootliks 'n beskrywing van die opleiding soos dit tans bestaan, maar met inagneming van die invloed van die veranderinge wat die wet op voortgesette onderwys op skoolindeling en onderwysersopleiding sal uitoefen.

(b) Opleiding van laerskoolonderwysers

Hierdie opleiding word gereël volgens die „Kweekskoolwet“ van 23 Junie 1952.²⁾

Volgens die wet strek die opleiding oor vyf jaar, verdeel in drie leerkringe. Tot die eerste leerkring, wat oor twee jaar strek, word die volgende studente toegelaat: Leerlinge met 'n U.L.O.-diploma (voortaan M.A.V.O.), die wat die eerste drie jaar van 'n middelbare skool met sukses deurloop het asook dié wat die eindiploma van 'n handelsdag=

1) Aangehaal deur Ruperti, R.M. a.w., p. 187.

2) a) Idenburg, Ph. J., a.w., p. 5, p. 418-20.

b) Jansen, J. Naar een hogere pedagogische school, p. 13-20.

skool besit. Die inhoud van die leerplan van die eerste leerkring is min of meer soos die van die vierde en vyfde klas van die middelbare skool, met ander woorde volgens die nuwe indeling gelykstaande aan die peil van die H.A.V.O.¹⁾ Aan die einde van hierdie leerkring word geen eksamen afgelê nie en die studente ondergaan ook geen praktiese opleiding tydens die kursus nie. Die eerste leerkring beoog dus geen beroepsvorming nie, maar wel voortgesette algemene vorming van die student.²⁾

Tot die tweede leerkring, wat oor twee jaar strek, word studente toegelaat wat die eerste leerkring deurloop het sowel as besitters van die einddiploma vir V.H.M.O. (nou H.A.V.O.). In hierdie leerkring begin die eintlike beroepsopleiding. Gelyktydig met die pedagogies-didaktiese en kultureel-maatskaplike vorming begin ook die praktiese vorming. In die eerste jaar van die tweede leerkring (die derde klas) moet studente 120 uur praktiese ervaring in 'n skool opdoen en in die tweede jaar (die vierde klas), 160 uur.³⁾

Die doel van die praktiese ervaring in die tweede leerkring word deur die wet aangegee as „oefenen in de praktijk van het lesgeven op de lagere school”.⁴⁾

1) Kyk tabel teenoor bladsy 78.

2) Verboon, N. Over de vorming van onderwijzers, p. 3.

3) a) Ibid., p. 8.

b) Jansen, J., a.w., p. 14.

4) Kyk Verboon, N., a.w., p. 8.

Die aard van hierdie oefenonderwystydperke ten opsigte van organisasie deur die opleidingsinrigting en die verloop by die skole is soos volg: Die kweekskool plaas groepe studente by sekere oefenskole wat deur die inspekteur as bevoeg verklaar word om as oefenskool op te tree. Pedagogiek- en vakdidaktiekdosente besoek die studente, hoor lesse aan en bespreek die gelewerde lesse met die studente, liefs in klein groepies. Hulle voer ook didaktiese gesprekke met die betrokke klasonderwysers.¹⁾

Die tweede leerkring word afgesluit met sowel 'n teoretiese as 'n praktiese eksamen. Die praktiese eksamen bestaan uit 'n les van dertig minute, gegee in 'n skool vir gewone laeronderwys. Hierdie eksamen word afgeneem deur die pedagogiekdosent in die teenwoordigheid van 'n „rijksgecommitteerde" ('n kundige en onpartydige persoon aangestel deur die regering), „zodat het ook in het belang van de leerling is eensluitende adviezen te vernemen".²⁾ Studente wat in die hele eksamen slaag, ontvang die „Akte van bekwaamheid als onderwijzer" waarmee hy kan gaan skoolhou.³⁾

Die derde leerkring duur een jaar en word beskou as 'n verdiepingsjaar wat sowel die teoretiese as die praktiese werk betref. „Een uitermate praktische en daarnaast een pittige theoretische vorming".⁴⁾ Aan die einde van die derde leerkring verwerf die student die „Akte van bekwaamheid als

1) Jansen, J., a.w., p. 17, 18.

2) Ibid., p. 18.

3) Artikel 41a van die Kweekskoolwet, aangehaal deur Jansen, J., a.w., p. 15.

4) Ibid.

volledig bevoegd onderwyser" en kan hy ook as hoof van 'n gewone laerskool (G.L.O.) aangestel word.¹⁾

Wat die praktiese opleiding in die derde leerkring betref, bring die studente gedurende die jaar minstens twintig weke in allerlei soorte skole deur. Ten minste 100 „schooltijden“²⁾ moet in skole vir gewone laeronderwys en tenminste 70 „schooltijden“ in twee ander soorte laerskole deurgebring word, waarvan nie minder nie as dertig in elke soort skool.³⁾

By elke skool wat besoek word, moet 'n volledige werkverslag opgestel word. Verder lewer elke student gedurende die jaar twee skripsies van didaktiese aard in. Die gedeeltes van hierdie skripsies wat oor praktiese aangeleenthede handel, moet betrekking hê op ondervinding opgedoen by die oefenskole. Die pedagogiekdosente gee ten opsigte van die skripsies leiding aan studente tydens hulle gewone besoeke om lesse aan te hoor.

Verder stel die pedagogiekdosent, in oorleg met die skoolhoof en personeel, verslae op oor die studente se werk tydens hulle oefenonderwystydperke.⁴⁾

1) Idenburg, Ph. J., a.w., p. 419.

2) Een „schooltijd“ is minstens twee uur onderwys. (Kyk Verboon, a.w., p. 10).

3) Artikels 26 en 27 van die Kweekskoolwet, aangehaal deur Jansen, J., a.w., p. 18.

4) Jansen, J., a.w., pp. 8, 12.

Oorsigtelik gesien, is daar dus 'n wesenlike verskil tussen die praktiese vorming van die tweede leerkring en die derde leerkring. Waar die tweede leerkring die student spesifiek moet vorm in die praktyk van lesgee, daar is die oogmerk van die derde leerkring om die student op die reeds genoemde wyses 'n omvattende vorming ten opsigte van alle aspekte van die onderwys te laat ondergaan. Hierdie proses van inlywing in al die aktiwiteite van die skool word aangedui met die term „hospiteren”.¹⁾ Hospiteren dui dus slegs op die praktiese vorming wat 'n student in die derde leerkring by 'n skool ondergaan.

(c) Opleiding van onderwysers (leraren) aan sekondêre skole

Onder die ou bedeling, dit wil sê voor die inwerkingtreding van die mammoetwet, was slegs die skole vir voorbereidende hoër en middelbare onderwys (V.H.M.O.) gereken as sekondêre skole. Volgens die nuwe bedeling sal die skole vir algemene voortgesette onderwys en die vir voorbereidende wetenskaplike onderwys as sekondêre skole geld.²⁾ Die moontlike verandering wat hierdie hergroepering van sekondêre skole by onderwysersopleiding (leraren) sal teweegbring, word verderaan bespreek.

Volgens die huidige stand van sake is die vereistes vir 'n onderwyserspos aan 'n sekondêre skool

1) Verboon, N., a.w., pp. 8, 12.

2) Kyk tabel teenoor bladsy 78.

eerstens 'n voltydse universitêre studie wat in die reël 6 tot 7 jaar duur of die verwerwing van 'n middelbare akte wat deelyds onderneem word. Tweedens word 'n bewys van goeie gedrag vereis en derdens 'n bewys van pedagogiese en didaktiese voorbereiding wat tydens die opleiding verwerf kan word.¹⁾ Hierdie pedagogiese en didaktiese voorbereiding moet langs die volgende weg verkry word: Vir een jaar moet lesings in pedagogiek, puberteitpsigologie en algemene didaktiek bygewoon word. Verder moet bevoegdheid in die besondere vak-didaktiek verwerf word deur die bywoning van lesings of langs 'n ander weg en ten derde moet 'n verklaring van die hoof van 'n sekondêre skool voorgelê word waarin verklaar word dat die student vir hoogstens ses maande en minstens drie maande onderwys in die betrokke vak of vakke bygewoon het.²⁾ Studente kry tydens die bywoning van lesse ook af en toe die geleentheid om self 'n klas waar te neem. Geen verdere bewys of sertifikaat ten opsigte van professionele bekwaamheid word egter verlang nie.³⁾

Ten opsigte van die professionele — teoretiese en praktiese — opleiding van die sekondêre onderwysers is daar teenswoordig in Nederland 'n sterk

-
- 1) a) Nederland. Ministerie van onderwijs, kuns-ten en wetenskappen. Uw toekomst voor hun toekomst, p. 40.
 - b) Wet op voortgesette onderwys, artikel 33, aangehaal deur Ruperti, R.M., a.w., LXXIV, 813: p. 186-7, Jul. 1967.
 - 2) Idenburg, Ph. J., a.w., p. 468.
 - 3) Ruperti, R.M., a.w., LXXIV, 813: p. 186, Jul. 1967.

gevoel om hierdie faset van die opleiding baie meer te beklemtoon omdat nuwe omstandighede ook groter eise aan die onderwyser as opvoeder stel.

So verklaar Idenburg dat die nuwe behoeftes om deegliker professionele opleiding voortspruit uit die moderne insigte omtrent die verhouding van die leraar en sy klas. Nadruk word gelê op die betekenis van die wisselwerking tussen dosent en leerlinge, op die waarde van diskussie en op die behoefte aan menslike ontmoeting. Daarby word ook op die noodsaak van aanpassing, nie slegs van die leerling aan die leerstof nie, maar ook van die leerstof aan die ontwikkelings stadium en belangstelling van die leerlinge, nadruk gelê. Deeglike kennis van die sielkunde van die rypere jeug, van die didaktiek asook voldoende praktiese oefening is nodig.

Hy vervolg: „Een leraar, die teenoewer deze behoeften uitsluitend komt te staan met zijn wetenschappelijke vakkennis en zijn intuïtie dreigt in vele gevallen in zijn taak tekort te schieten”.¹⁾

In die verwysing in die wet op voortgesette onderwys na „opleidingscholen voor leraren” word die moontlikheid van professionele opleiding van aspirant sekondêre onderwysers in 'n nuwe soort opleidingskool geskep.²⁾ Die reeds genoemde aanbevelings

1) Idenburg, Ph.J., a.w. p. 467-468.

2) Kyk Ruperti, R.M., a.w., LXXIV, 813: p. 187, Jul. 1967.

van die Drewes-kommissie,¹⁾ te wete die sentralisering van alle vorme van onderwysersopleiding en die breër professionele opleiding van sekondêre onderwysers, is 'n aanduiding van 'n duidelike beweging in die rigting van 'n intensiewer professionele opleiding.

Daar kan dus verwag word dat ook ten opsigte van die praktiese vorming van die aanstaande onderwysers vir die sekondêre skool, daar in die toekoms heelwat veranderinge sal intree.

4. Samevatting

a) Wat as praktiese opleiding beskou word

Uit die bespreking van die drie stelsels in hierdie hoofstuk blyk dit dat daar hoofsaaklik klem gelê word op die praktiese vorming wat die kwekling in die skool ondergaan waar dit gaan oor die praktiese opleiding van die onderwyser. Die Amerikaanse term „professional laboratory experience” omskryf die funksie wel ietwat wyer deurdat dit ook alle opvoedkundige aktiwiteite buite die skool as deel van die „laboratory experience” sien.²⁾

In die Nederlandse en Britse stelsels word onder praktiese opleiding³⁾ ook slegs dié opleiding wat die student in 'n skool ontvang, verstaan. Jansen behandel die kultureel-maatskaplike vorming van die

1) Kyk bladsy 79.

2) Kyk hfst. III, p.41.

3) Nederland: Praktische vorming, hospiteren. Brittanje: Teaching practice.

student los van sy praktiese vorming.¹⁾

Die veld wat deur die begrip „praktiese opleiding” in hierdie studie betrek word, is aangedui as al die aktiwiteite wat by en rondom die opleidingsinrigting sowel as by en rondom die skole op praktiese wyse sal bydra tot die volledige voorbereiding van die toekomstige onderwyser vir sy beroep.²⁾ Verder is van die standpunt uitgegaan dat die praktiese vorming by die opleidingsinrigting net so belangrik is as die opleiding wat die student by die skool ontvang. Voorbereiding ten opsigte van alle aktiwiteite waarmee die onderwyser in sy werk te doen sal kry, en wat in verband staan met sy taak as opvoeder, is ewe belangrik. Dit beteken dus dat die kwekeling-onderwyser nie net praktiese opleiding moet ontvang ten opsigte van sy onderrig-funksie nie, maar ook ten opsigte van sy taak as opvoeder in die volste sin van die woord.³⁾

b) Tyd wat aan oefenonderwys afgestaan word

Dit is eintlik nie moontlik om die tyd wat aan oefenonderwys afgestaan word, in die drie lande onder behandeling, presies te vergelyk nie. In die eerste plek verskil die lengte van opleiding vir sowel die laer- en middelbare onderwys en tweedens word die tyd op verskillende wyses bereken en aangedui.

1) Jansen, J., a.w., p. 19.

2) Kyk hfst. III, p. 40.

3) Kyk hfst. III, p. 54-61.

Die Amerikaners praat van semesterure. Gewoonlik beteken 'n semesteruur een uur per week vir 16 weke, maar ten opsigte van oefenonderwys word 30 skoolure as die ekwivalent van een semesteruur gereken.¹⁾ Conant gebruik ook die term „clock hours" en verklaar dat hy van die veronderstelling uitgaan dat 'n skool-dag uit vyf „clock hours" bestaan.²⁾

As aangeneem word dat 'n semesteruur, wat al die Amerikaanse inrigtings betref, 30 skoolure verteenwoordig en verder dat vir al drie lande onder bespreking 'n skooldag as vyf uur gereken word en 'n week as vyf skooldae (wat in die praktyk nie altyd so is nie), kan met die volgende tabel min of meer 'n vergelyking getrek word ten opsigte van die tyd wat in die betrokke lande aan oefenonderwys bestee word.³⁾

	Laeronderwys		Middelbare onderwys	
	Opleiding in jare	Oefenonderwys in weke	Opleiding in jare	Oefenonderwys in weke.
V.S.A.	4	6-17	5	5-13
Brittanje	3	15	4	10-13
Nederland	5 (3 jr. professioneel)	31	6-7	12-24 (slegs bywoning)

Die volgende opmerkings kan ten opsigte van die gege-

- 1) Conant, J.B., a.w., p. 270.
- 2) Ibid., p. 269.
- 3) Die gegewens is 'n herleiding na weke van die tye wat in hierdie hoofstuk onder die verskillende lande aangegee is.

wens in die tabel gemaak word:

i) Die gegewens van die V.S.A. is volgens die steekproefopname van J.B. Conant en die tyd bestee aan oefenonderwys 'n herleiding van semesterure na weke. Die gegewens kan egter slegs by benadering korrek wees want Conant verklaar self in hierdie verband dat die lengtes van kwartale, semesters, periodes en skooldae baie verskil asook die verhouding tussen semesterure en skoolure. 'n Inrigting wat bv. 110 skoolure oefenonderwys vereis, gee dit as net soveel semesterure aan as 'n ander wat 220 skoolure vereis.¹⁾ Afgesien van hierdie rekbaarheid by die Amerikaanse stelsels, is daar nogtans 'n noue korrelasie tussen die maksimum tyd wat in die V.S.A. en in Brittanje aan oefenonderwys sowel in laer- en middelbare onderwys afgestaan word.

ii) Opvallend is die betreklike lang tydperk van 31 weke wat in Nederland aan oefenonderwys vir die laerskoolonderwysers bestee word. Hierdie tydperk word veral deur die twintig weke oefenonderwys (hospiteren) van die derde leerkring opgemaak. Opleiding vir die middelbare onderwys word weer gekenmerk deur die huidige gebruik om van die aanstaande onderwysers vir die middelbare skool (leraren) slegs te verwag om van 12-24 weke lesse in hulle spesialiseringvak by te woon, sonder werklike bewys van professioneel- didaktiese bekwaamheid. Dit is dus redelik om aan te neem dat akademiese vorming van die kwekeling hier hoofsaak is. Die praktiese voorbereiding in die skole geniet in elk geval veel minder

1) Conant, J.B., a.w., p. 269-70.

aandag as in Brittanje en die V.S.A. Soos voorheen genoem, sal die uiteindelijke uitvoering van die aanbevelings van die Drewes-kommissie hierin waarskynlik 'n verandering bring.¹⁾

c) Verloop van die oefenonderwys.

Aangesien die verloop van die oefenonderwys by die drie lande in verskillende opsigte verskil, is 'n vergelyking in die gewone sin hier weer nie moontlik nie.

Die belangrikste ooreenkoms lê in die praktyk dat studente vir sekere tydperke na skole gestuur word waar hulle deur dosente besoek, aangehoor en ge-evalueer word. Die uitsondering is hier die toekomstige sekondêre onderwysers in Nederland van wie tans net verwag word om lesse in hulle vak by te woon.

Die gebruik om oefen- of demonstrasieskole aan die opleidingsinrigting verbonde te hê of as 'n onafhanklike skool maar op of naby die terrein van die opleidingsinrigting wat tot die beskikking van die opleidingsinrigting vir oefen-, demonstrasie- en navorsingsdoeleindes is, bestaan nog by sekere Amerikaanse inrigtings. Hier staan dit as „laboratory schools“²⁾ bekend. Alhoewel heelwat van hierdie oefenskole in die afgelope jare gesluit is, het 'n onlangse opname getoon dat dié soort skool nog steeds

1) Kyk hfst. IV, p. 79.

2) „Campus laboratory school“ as die skool op die kampus geleë is. Kyk Andrews, L.O., a.w., p. 11.

in aanvraag is en dat daar meer oefenskole beplan word as wat sluit.¹⁾

'n Praktiese eksamen as 'n toets om die toekomstige onderwyser se didaktiese bekwaamheid te bepaal, word aangetref in Brittanje en Nederland. In Brittanje vind dit plaas aan die einde van die student se opleiding en in Nederland aan die einde van die tweede leerkring. In albei gevalle word die praktiese eksamen deur 'n dosent en 'n eksterne eksaminator afgeneem.

Die Nederlandse stelsel van hospitering in die loop van die derde leerkring en die Britse gebruik van 'n volle kwartaal oefenonderwys vir gegradueerde studente in hulle vierde jaar, toon 'n mate van ooreenkomst met die Amerikaanse stelsels van internskap in die sin dat dit 'n omvattende en intensiewe kennismaking met die skoolpraktyk is. Die internskap verskil egter grootliks van die ander, onder andere deurdat dit in baie gevalle vir veel langer tydperke is, die student al klaar by sy opleidingsinrigting afgestudeer het en hy vergoeding vir sy dienste by die skool ontvang.

1) Jackson, J.B. An evaluation of the relative importance of the various functions performed by a campus laboratory school. The journal of teacher education, 18, 3: p. 293, 1967.